# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/16)* (Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 29 Julie 2016*

***"The big lesson from this devastating disease (citrus greening) is to keep an eye out for what's occurring internationally and be willing to address issues before major problems occur" Bob Shatters USDA ARS***

## VERGROENING

'n Skrikwekkende storie is in mediaberigte verlede week uitgelig - 'n navorser van USDA Landbounavorsingsraadsdienste het verklaar dat wiskundige en epidemiologiese modelle voorspel dat teen 2019 die sitrusbedryf in Florida nie meer kommersieel lewensvatbaar sal wees nie. Alhoewel baie navorsing gedoen word, en 'n paar belowende resultate behaal is, beteken die feit dat die siekte produksie met 40% laat daal en bestuurskostes laat verdubbel, dat baie boorde nie meer produktief gaan wees. Die navorser (Bob Shatters) verduidelik dat vergroening (ook bekend as HLB) 'n "perfect storm" siekte is weens die lang latente periode (twee jaar) voor daar simptome op die bome sigbaar is. Biosekuriteit is al lankal 'n fokusarea van die CRI - en die meer onlangse aanstelling van Hennie le Roux as Biosekuriteitsbestuurder het bygedra tot hierdie fokusarea. Hennie en CRI het berigte van vergroening noord van ons grense opgevolg. Tot op datum is die risiko vir Suider-Afrika se sitrusbedryf nie onmiddellik nie - maar dit kan oornag verander. Bykomend tot die risiko van die geografiese verspreiding van die siekte suidwaarts is ook die risiko van die invoer van hierdie siekte deur middel van die vele gasheerplante. [Hou asseblief vir Hennie in jul gedagtes en gebede want hy verkeer tans nie in goeie gesondheid nie].

## SONDAGSRIVIER SITRUS MAATSKAPPY (SRCC) BELê IN HUL TOEKOMS

Produsente in die Sondagsriviervallei belê tans groot in hul toekoms. Nuwe aanplantings vind plaas regoor die vallei. Ter voorbereiding vir die toename in volumes het die SRCC hul nuutste pakhuis in Kirkwood geopen - in fyn styl het hulle meer as 400 gaste by die fasiliteit onthaal vir 'n aansit ete en vermaak. Die fasiliteit het reeds meer as 240 direkte werksgeleenthede in die pakhuis geskep; met bykomende kapasiteit om hierdie te verdubbel wanneer die volgende paklyn oor 'n paar jaar geïnstalleer sal word (as daar na die aantal jong bome gekyk word gaan dit eerder vroeër as later wees). Baie geluk aan die voorsitter van SRCC (Paul Marais), MD Hannes De Waal en al die aandeelhouers met 'n uitstekende fasiliteit.

## OPERASIONELE KWESSIES IN DURBAN HOUERTERMINAAL (DCT) PIER 2 [MITCHELL BROOKE]

Dit blyk dat die wiele van die bus hierdie jaar met die bedrywighede by DCT Pier 2 afgeval het. Die operasionele statistieke wat op 'n daaglikse basis ingesamel word het getoon dat die gemiddelde volume van vragmotors wat op 'n daaglikse basis by die hekke hanteer word, met soveel as 30% afgeneem het, met die gemiddelde totale omkeertyd van ongeveer 300 minute per vragmotor sedert Junie. Die ergste tydperk wat aangeteken is, was 'n totale omkeertyd van ongeveer 600 minute. Die meeste vervoeragente was net in staat om een houervrag per dag te doen en hulle kla geweldig dat die lae produktiwiteit 'n groot impak op hul finansiële lewensvatbaarheid het. Die vervoeragente is by die punt waar hul dreig om die ingang na DCT te versper as die produktiwiteit nie verbeter nie. DCT het aangedui dat daar 'n reuse agterstand is in die instandhouding van toerusting wat nie meer in diens is nie, hulle het ook aangedui dat 'n groot aantal van die personeel onlangs geskors is. Alles in ag genome veroorsaak dit 'n agterstand van houers wat die terminaal kan binnekom en sodoende 'n agterstand by die Durban koelkamer geriewe. Transnet Port Terminale se CE, mnr Karl Socikwa, het belanghebbendes op 'n vergadering verlede week toegespreek en gevra vir begrip in hierdie tyd en hul verbind om die kwessies so gou as moontlik op te los. 'n Goeie vraag is gevra dat as Transnet 'n monopolistiese staatsentiteit is, moet die land se houerterminale nie as nasionale sleutelpunte beskou word nie?

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 22/7/16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 14.1 m | 14.4. m | 12.5 m | 12.8 m | 11.5 m | 12.4 m | 12.9 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 7.6 m | 7.3 m | 9.3 m | 6.5 m | 7.9 m | 11.2 m | 11.7 m | 10 m |
| Suurlemoene | 11.5 m | 12.4 m | 12.8 m | 11.5 m | 12 m | 16.1 m | 15.2 m | 15.1 m |
| Nawels | 19.7 m | 19.5 m | 22 m | 16.6 m | 19.4 m | 25.1 m | 23.9 m | 24.5 m |
| Valencias | 12 m | 12.2 m | 13 m | 7.8 m | 7.6 m | 46.4 m | 41.6 m | 52.7 m |
| Totaal | 64.9 m | 65.8 m | 69.6 m | 55.2 m | 58.4 m | 111.2 m | 105.2 m | 118.4 m |